**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE
**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG | PUBLISHED BY AUTHORITY

10c | Woensdag 31 Maart 1976 | WINDHOEK | Wednesday 31 March 1976 | No. 3528

INHOUD | CONTENTS

**ONTWERPORDONNANSIE:** | **DRAFT ORDINANCE:**

*Bladsy/Page*

Wysigingsontwerpordonnansie op Padverkeer 1976 ... 441

Road Traffic Amendment Draft Ordinance, 1976 .... 442

## ONTWERPORDONNANSIE

Die volgende Ontwerpordonnansie word vir algemene inligting gepubliseer.

H. P. F. GOUS
*Waarnemende Sekretaris van Suidwes-Afrika.*

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek

## DRAFT ORDINANCE

The following Draft Ordinance is published for general information.

H. P. F. GOUS
*Acting Secretary for South West Africa.*

Administrator's Office,
Windhoek.

ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:

__________ Woorde met 'n volstreep daaronder dui aan invoegings voorgestel.

[ ] Woorde tussen vierkantige hake dui aan skrappings voorgestel.

# ONTWERPORDONNANSIE

Tot wysiging van die Ordonnansie op Padverkeer 1967, betreffende die opskorting of intrekking van 'n lisensie wat die bestuur van 'n motorvoertuig magtig; betreffende die geldigheidsduur van 'n geskiktheidsertifikaat in die Gebied uitgereik; betreffende die bevoegdheid om padverkeerstekens voor te skryf; om voorsiening te maak vir vrystelling van algemene snelheidsgrense; betreffende 'n voertuig op 'n openbare pad gelaat of gelos; betreffende die bestuur van 'n voertuig met 'n buitensporige hoeveelheid alkohol in die bloed; betreffende die vermoedens ten opsigte van massa vasgestel deur middel van 'n massameetbrug of ander massameter en dat die eienaar 'n voertuig bestuur het; betreffende die omstandighede waarin 'n voertuig en vrag wat nie aan die bepalings van die Ordonnansie voldoen nie, vrygestel kan word; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika, met die toestemming van die Staatspresident dermate sodanige toestemming nodig is vooraf verkry en by boodskap van die Administrateur aan die Vergadering meegedeel, VERORDEN SOOS VOLG:-

Wysiging van artikel 70 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 11 van Ordonnansie 18 van 1971.

1. Artikel 70 van die Ordonnansie op Padverkeer 1967 (hieronder die Hoofordonnansie genoem), word hierby gewysig —

(a) deur paragraaf (a) van subartikel (3) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(a) aan 'n ondervraging en toets deur een of meer toetsbeamptes vir bestuurderslisensies deur die Uitvoerende Komitee benoem om sodanige houer se bevoegdheid vas te stel om 'n motorvoertuig van die klas waarop sy lisensie betrekking het, te bestuur en te beheer <u>en vir die doel van sodanige toets moet sodanige houer 'n motorvoertuig van genoemde klas voorsien; of</u> "; en

(b) deur subartikel (5) deur die volgende subartikel te vervang:

"(5) As iemand versuim om te voldoen aan 'n versoek ingevolge subartikel (3), kan die Uitvoerende

GENERAL EXPLANATORY NOTE:

________ Words underlined with solid line indicate insertions proposed.

[ ] Words in square brackets indicate omissions proposed.

# DRAFT ORDINANCE

To amend the Road Traffic Ordinance, 1967, in regard to the suspension or cancellation of a licence authorising the driving of a motor vehicle; in regard to the period of validity of a certificate of fitness issued in the Territory; in regard to the power to prescribe road traffic signs; to provide for exemption from general speed limits; in regard to a vehicle left or abandoned on a public road; in regard to the driving of a vehicle with an excessive amount of alcohol in the blood; in regard to the presumptions in respect of mass ascertained by means of a mass measuring bridge or other mass measuring instrument and that the owner drove a vehicle; in regard to the circumstances in which a vehicle and load not complying with the provisions of the Ordinance, may be exempted; and to provide for incidental matters.

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa, with the consent of the State President, in so far as such consent is necessary, previously obtained and communicated to the Assembly by message from the Administrator, as follows:-

Amendment of section 70 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 11 of Ordinance 18 of 1971.

1. Section 70 of the Road Traffic Ordinance, 1967 (hereinafter referred to as the principal Ordinance), is hereby amended —

(a) by the substitution for paragraph (a) of subsection (3) of the following paragraph:

"(a) to an examination and a test by one or more examiners for drivers' licences nominated by the Executive Committee, as to such holder's competence to drive and control a motor vehicle of the class to which his licence relates <u>and for the purpose of such test such holder shall provide a motor vehicle of the said class</u>; or"; and

(b) by the substitution for subsection (5) of the following subsection:

"(5) If any person fails to comply with a request in terms of subsection (3), the Executive Com-

Komitee onverwyld die betrokke lisensie opskort of intrek, na gelang van die geval, tensy sodanige persoon in staat is om die Uitvoerende Komitee te oortuig, binne 'n tydperk deur die Uitvoerende Komitee bepaal, dat sodanige versuim te wyte is aan 'n rede buite sy beheer en dat sodanige lisensie nie aldus opgeskort of ingetrek behoort te word nie.".

Vervanging van artikel 79 van Ordonnansie 30 van 1967.

2. (1) Artikel 79 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Geldigheidsduur van geskiktheidsertifikaat in die Gebied uitgereik.

79. (1) 'n Geskiktheidsertifikaat ten opsigte van 'n openbare motorvoertuig is, behoudens die bepalings van subartikels (2) en (3) en die bepalings van hierdie Ordonnansie met betrekking tot die opskorting of intrekking van enige sodanige sertifikaat, geldig vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum van uitreiking daarvan of, indien die aansoeker daarom 'n onverstreke geskiktheidsertifikaat vir die betrokke openbare motorvoertuig hou wat nog geldig is vir nie langer as veertien dae nie, vir 'n tydperk van ses maande vanaf die datum wat volg op die datum van verstryking van sodanige onverstreke geskiktheidsertifikaat of, in enige geval, vir enige korter tydperk wat die uitreiker van sodanige sertifikaat bepaal [ : Met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie van toepassing is op 'n geskiktheidsertifikaat genoem in artikel 77(2) of (3) nie].

(2) In die geval van 'n openbare motorvoertuig wat 'n skoolbus is, word die tydperk van ses maande in subartikel (1) genoem, deur 'n tydperk van twaalf maande vervang.

(3) Vir die toepassing van subartikel (2), beteken "skoolbus" 'n bus wat hoofsaaklik vir die vervoer van skoolkinders gebruik word.".

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 1976 in werking te getree het.

Vervanging van artikel 99 van Ordonnansie 30 van 1967.

3. Artikel 99 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Bevoegdheid van Uitvoerende Komitee om padverkeerstekens voor te skryf.

**99. Behoudens die bepalings van hierdie Ordonnansie, kan die Uitvoerende Komitee, ten einde die gebruik van 'n openbare pad of 'n gedeelte van sodanige pad deur verkeer in die algemeen of enige beson-**

mittee may forthwith suspend or cancel, as the case may be, the licence concerned unless such person is able to satisfy the Executive Committee within a period determined by the Executive Committee that such failure was due to a reason beyond his control and that such licence should not be so suspended or cancelled.".

Substitution of section 79 of Ordinance 30 of 1967.

2. (1) The following section is hereby substituted for section 79 of the principal Ordinance:

"Period of validity of certificate of fitness issued in the Territory.

79. (1) A certificate of fitness in respect of a public motor vehicle shall, subject to the provisions of subsections (2) and (3) and to the provisions of this Ordinance relating to the suspension or cancellation of any such certificate, be valid for a period of six months from the date of the issue thereof or, if the applicant therefor holds an unexpired certificate of fitness for the public motor vehicle concerned which is still valid for not more than fourteen days, for a period of six months from the date following upon the date of expiry of such unexpired certificate of fitness or, in any event, for such shorter period as the issuer of such certificate may determine [: Provided that the provisions of this section shall not apply to a certificate of fitness referred to in section 77(2) or (3)].

(2) In the case of a public motor vehicle which is a school bus, there shall be substituted for the period of six months referred to in subsection (1), a period of twelve months.

(3) For the purpose of subsection (2), "school bus" means a bus used principally for the conveyance of school children.".

(2) Subsection (1) shall be deemed to have come into operation on 1 January 1976.

Substitution of section 99 of Ordinance 30 of 1967.

3. The following section is hereby substituted for section 99 of the principal Ordinance:

"Power of Executive Committee to prescribe road traffic signs.

99. Subject to the provisions of this Ordinance, the Executive Committee may, for the purpose of prohibiting, restricting, regulating and controlling the use of a public road or a section of such road by

dere klas van verkeer te verbied, te beperk, te reël en te beheer, of ten einde enige sodanige pad of gedeelte as 'n openbare pad van 'n besondere klas aan te wys, die tekens, seine, merke of ander middels (wat as padverkeerstekens bekend staan) voorskryf asook hul betekenis en die voorwaardes en omstandighede waaronder 'n padverkeersteken op 'n openbare pad vertoon mag word, wat hy dienstig ag.".

Invoeging van artikel 103B in Ordonnansie 30 van 1967.

4. Die volgende artikel word hierby in die Hoofordonnansie na artikel 103A ingevoeg:

"Vrystelling van algemene snelheidsgrense.

103B. Die bepalings van artikels 102 en 103 is nie van toepassing nie ten opsigte van 'n brandbestrydingsvoertuig of 'n ambulans of 'n voertuig wat deur 'n polisiebeampte in die uitvoering van sy pligte bestuur word, wanneer dit met behoorlike inagneming van die veiligheid van ander verkeer, op 'n openbare pad bestuur word, indien —

(a) sodanige voertuig of ambulans toegerus is met 'n toestel wat 'n voorgeskrewe klank afgee of 'n klok; en

(b) sodanige toestel of klok aanhoudend geloei of gelui word terwyl die voertuig of ambulans aldus bestuur word met verontagsaming van die bepalings van sodanige artikels.".

Wysiging van artikel 131 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 24 van Ordonnansie 18 van 1971.

5. Artikel 131 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

(a) deur in subartikel (3)(b) die woorde "drie maande" deur die woorde "een maand" te vervang; en

(b) deur na subartikel (4) die volgende subartikel in te voeg, terwyl die bestaande subartikels (5), (6) en (7), subartikels (6), (7) en (8) word:

"(5) Indien 'n owerheid in subartikel (2) genoem, nie enige voertuig soos in subartikel (3) beoog, kan verkoop nie, kan hy daardie voertuig op enige wyse wat hy goed dink van die hand sit en enige gelde ontvang as gevolg van sodanige van-die-hand-sit word aan sodanige owerheid verbeur.".

Wysiging van artikel 140 van Ordonnansie 30 van 1967, soos gewysig deur artikel 6 van Ordonnansie 25 van 1969 en artikel 2 van Ordonnansie 19 van 1973.

6. Artikel 140 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig —

traffic generally or any particular class of traffic or for the purpose of designating any such road or section as a public road of a particular class, prescribe such signs, signals, markings or other devices (to be known as road traffic signs), their significance and the conditions and circumstances under which a road traffic sign may be displayed on a public road as he may deem expedient.".

4. The following section is hereby inserted in the principal Ordinance after section 103A:

Insertion of section 103B in Ordinance 30 of 1967.

"Exemption from general speed limits.

103B. The provisions of sections 102 and 103 shall not apply in respect of a fire-fighting vehicle or an ambulance or a vehicle driven by a police officer in the execution of his duties when it is being driven on a public road, with due regard to the safety of other traffic, if –

(a) such vehicle or ambulance is fitted with a device capable of emitting a prescribed sound or a bell; and

(b) such device or bell is constantly sounded while such vehicle or ambulance is so driven in disregard of the provisions of such sections.".

5. Section 131 of the principal Ordinance is hereby amended –

Amendment of section 131 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 24 of Ordinance 18 of 1971.

(a) by the substitution in subsection 3(b) for the words "three months" of the words "one month"; and

(b) by the insertion after subsection (4) of the following subsection, the existing subsections (5), (6) and (7) becoming subsections (6), (7) and (8):

"(5) If an authority referred to in subsection (2) is unable to sell any vehicle as contemplated in subsection (3), it may dispose of that vehicle in any manner it deems fit and any moneys received as a result of such disposal shall be forfeited to such authority.".

6. Section 140 of the principal Ordinance is hereby amended –

Amendment of section 140 of Ordinance 30 of 1967, as amended by section 6 of Ordinance 25 of 1969 and section 2 of Ordinance 19 of 1973.

(a) deur in subartikel (2) al die woorde wat volg op paragraaf (b) deur die volgende woorde te vervang:

"terwyl die konsentrasie alkohol in [sy bloed] enige hoeveelheid bloed geneem van enige deel van sy liggaam nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter is nie, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens vierhonderd rand of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sodanige boete sowel as sodanige gevangenisstraf.";

(b) deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Indien daar, by enige vervolging weens 'n oortreding van die bepalings van subartikel (2) bewys word dat die konsentrasie alkohol in [die bloed] enige hoeveelheid bloed geneem van enige deel van die liggaam van die betrokke persoon te eniger tyd binne twee uur na die beweerde misdryf nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter was nie, word daar vermoed, tensy die teendeel bewys word, dat sodanige konsentrasie ten tyde van die beweerde misdryf nie minder as 0,08 gram per 100 milliliter was nie."; en

(c) deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) Waar daar by enige vervolging ingevolge hierdie Ordonnansie getuienis aangevoer word van 'n ontleding van ['n monster] enige hoeveelheid van die bloed van enige persoon, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat enige spuit wat gebruik is om [sodanige monster te neem] bedoelde hoeveelheid bloed te verkry en die houer waarin [sodanige monster] bedoelde hoeveelheid bloed geplaas is vir versending na 'n ontleder vry van enige stof of kontaminasie was wat die uitslag van sodanige ontleding kon beïnvloed het.".

Vervanging van artikel 152 van Ordonnansie 30 van 1967, soos vervang deur artikel 29 van Ordonnansie 18 van 1971.

7. Artikel 152 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Vermoede ten opsigte van massa vasgestel deur middel van 'n [weegbrug] massameetbrug of ander [weegtoestel] massameter.

152. Waar daar by enige kriminele geding wat voortspruit uit 'n beweerde oortreding van hierdie Ordonnansie, getuienis ter stawing van sodanige oortreding gelewer word van enige massa soos vasgestel deur middel van 'n [weegbrug] massameetbrug of ander [-toestel] massameter, word sodanige massa juis geag totdat die teendeel bewys word.".

(a) by the substitution in subsection (2) for all the words following paragraph (b) of the following words:

"while the concentration of alcohol in [his blood] any quantity of blood taken from any part of his body is not less than 0,08 gram per 100 millilitres, shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exeeding four hundred rand or to imprisonment for a period not exceeding one year, or to both such fine and imprisonment.";

(b) by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) If, in any prosecution for a contravention of the provisions of subsection (2), it is proved that the concentration of alcohol in [the blood] any quantity of blood taken from any part of the body of the person concerned was not less than 0,08 gram per 100 millilitres at any time within two hours after the alleged offence, it shall be presumed, unless the contrary is proved, that such concentration was not less than 0,08 gram per 100 millilitres at the time of the alleged offence."; and

(c) by the substitution for subsection (4) of the following subsection:

"(4) Where in any prosecution under this Ordinance evidence is tendered of the analysis of [a specimen] any quantity of the blood of any person, it shall be presumed, until the contrary is proved, that any syringe used for obtaining [such specimen] the said quantity of blood and the receptacle in which [such specimen] the said quantity of blood was placed for despatch to an analyst, were free of any substance or contamination which could have affected the result of such analysis.".

7. The following section is hereby substituted for section 152 of the principal Ordinance: — Substitution of section 152 of Ordinance 30 of 1967, as substituted by section 29 of Ordinance 18 of 1971.

"Presumption in regard to mass ascertained by means of a [weighbridge] mass measuring bridge or other [weighing] mass measuring instrument.

152. Where in any criminal proceedings arising out of an alleged contravention of this Ordinance, evidence in support of such contravention is given of any mass as ascertained by means of a [weighbridge] mass measuring bridge or other [weighing] mass measuring instrument, such mass shall be deemed to be correct until the contrary is proved.".

Wysiging van artikel 155 van Ordonnansie 30 van 1967.

8. Artikel 155 van die Hoofordonnansie word hierby gewysig deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Waar dit by enige vervolging ingevolge die gemenereg waarby die bestuur van 'n voertuig op 'n openbare pad betrokke is, of ingevolge hierdie Ordonnansie, belangrik is om te bewys wie die bestuurder van 'n voertuig was, word daar vermoed, totdat die teendeel bewys word, dat sodanige voertuig deur die eienaar daarvan bestuur is.".

Vervanging van artikel 170 van Ordonnansie 30 van 1967.

9. Artikel 170 van die Hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

"Omstandighede waarin voertuig en vrag wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie, vrygestel kan word.

170. Die Uitvoerende Komitee kan [,behoudens die bepalings en voorwaardes wat hy oplê] onderworpe aan die bedinge en voorwaardes en die betaling van die gelde of heffings wat hy bepaal, skriftelik magtiging verleen, hetsy in die algemeen of in die besonder, vir die gebruik op 'n openbare pad van 'n voertuig wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie of die vervoer op 'n openbare pad van passasiers of enige vrag wat nie aan die bepalings van hierdie Ordonnansie voldoen nie.".

Kort titel.

10. Hierdie Ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Padverkeer, 1976.

8. Section 155 of the principal Ordinance is hereby amended by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

Amendment of section 155 of Ordinance 30 of 1967.

"(1) Where in any prosecution under the common law relating to the driving of a vehicle on a public road or under this Ordinance, it is material to prove who was the driver of a vehicle, it shall be presumed, until the contrary is proved, that such vehicle was driven by the owner thereof.".

9. The following section is hereby substituted for section 170 of the principal Ordinance:

Substitution of section 170 of Ordinance 30 of 1967.

"Circumstances in which vehicle and load not complying with the provisions of this Ordinance may be exempted.

170. The Executive Committee may, subject to such terms and conditions and the payment of such fees or charges as it may [impose] determine, authorise in writing, either generally or specifically, the use on a public road of a vehicle which does not comply with the provisions of this Ordinance or the conveyance on a public road of passengers or any load which does not comply with the provisions of this Ordinance.".

10. This Ordinance shall be called the Road Traffic Amendment Ordinance, 1976.

Short title.